



Northern Cape  
Provincial Legislature

# Northern Cape Petitions Act, 2009



## Afrikaans

## WET

Om 'n petisie te definieer met betrekking tot, onder andere, doel, omvang en behoefte; om vir algemene beginsels te voorsien, prosesse en prosedures vir 'n persoon om 'n petisie aan die Wetgewer in te dien; om te voorsien vir bevoegdhede en funksies vir die Komitee wat die petisies moet oorweeg; om die rol en die funksie van die Petisies Kantoor te verduidelik; om te voorsien vir die reg om appèl aan te teken teen die uitkoms van 'n petisie by 'n appèl liggaam; en om vir verwante aangeleenthede te voorsien.

## INLEIDING

**AANGESIEN** artikel 17 van die Grondwet, onder andere, 'n persoon se reg om te petisioneer waarborg;

**EN AANGESIEN** artikel 115 van die Grondwet bepaal dat 'n provinsiale wetgewer, of enige van sy komitees petisies, verteenwoordigings of voorleggings van enige belanghebbende persoon mag ontvang;

**EN AANGESIEN** artikel 116 van die Grondwet nie 'n proses en prosedure voorskryf vir wanneer 'n wetgewer 'n petisie ontvang nie;

**EN BEHOORLIK ERKENING TE VERLEEN** aan die status, rol en funksie van Hoofstuk 19 instellings of enige ander ondersoekende liggaam ingevolge enige wetgewing;

**DUS WORD DIT VERORDEN** deur die Noord-Kaap Provinsiale Wetgewer soos volg:–

## ORDENING VAN ARTIKELS

1. Definisies
2. Doel van Petisie
3. Reg om te petisioneer
4. Omvang van petisie
5. Vereistes vir 'n petisie
6. Petisies kantoor
7. Rol en funksie van Petisie-Kantoor met betrekking tot petisie
8. Rol, funksie en verslaggewing van Komitee

9. Magte van Komitee
10. Vergadering van Komitee
11. Delegasie
12. Reg tot Appèl
13. Appèl liggaam
14. Aanspreeklikheid van Komitee
15. Regulasies
16. Kort titel en inwerkingtreding

## Definisies

1. In hierdie wet, tensy die konteks anders aandui, beteken–

“**appèl**” ’n appèl beskou in artikel 12;

“**appèl liggaam**” ’n appèl liggaam soos omgeskryf in artikel 13;

“**voorsitter**” die voorsitter van die komitee;

“**Hoofstuk 9 instelling**” ’n liggaam ingestel ingevolge Hoofstuk 9 van die Grondwet wat konstitusionele demokrasie ondersteun;

“**Komitee**” ’n komitee van die Wetgewende-gesag in ooreenstemming met die Staande Reëls wat verantwoordelik is om petisies ingevolge hierdie wet te oorweeg;

“**Grondwet**” die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika;

“**dag**” ’n werksdag met uitsondering van ’n Saterdag, Sondag of openbare vakansiedag;

“**Uitvoerende Raad**” die Uitvoerende Raad van die Provinsie soos omskryf in artikel 132 van die Grondwet;

“**Provinsiale Koerant**” die amptelike *Provinsiale Koerant*;

“**Huis**” die Wetgewer van die Noord-Kaap;

“**Wetgewer**” die Provinsiale wetgewer van die provinsie soos beoog in artikel 104 van die Grondwet;

“**lid**” ’n lid van die Wetgewer;

“**Nasionale Raad van Provinsies**” die Raad soos na verwys in artikel 42 van die Grondwet;

**“Petisie”** ’n klag, versoek, ’n verteenwoordiging of ’n voorlegging deur ’n petisioneerder aan die Speaker ingevolge hierdie Wet;

**“Petisioneerder”** ’n persoon wat ’n petisie ingevolge hierdie Wet voorlê;

**“Petisies Kantoor”** die werknemers van die Wetgewende Liggaam wat verantwoordelik is om hierdie Wet effektief te administreer en in werking te stel;

**“Provinsie”** die Noord-Kaap Provinsie soos na verwys in artikel 103 (1)(g) van die Grondwet;

**“Provinsiale wetgewing”** sluit in –

- (a) ondergeskikte wetgewing ingestel ingevolge ’n provinsiale wet; en
- (b) wetgewing wat van krag was toe die Grondwet ingestel is en wat deur die provinsiale regering geadministreer word;

**“Provinsiale instelling van die staat”**

- (a) ’n staatsinstelling in die provinsiale sfeer van regering; of
- (b) ’n funksionaris of instelling wat ’n openbare gesag beoefen of ’n openbare funksie uitvoer ingevolge provinsiale wetgewing;

**“openbare vakansiedag”** die dae soos omskryf in Skedule 1 van die Wet op Openbare Vakansiedae, 1994 (Wet 36 van 1994);

**“Openbare Beskermer”** die Openbare Beskermer soos na verwys in die Openbare Beskermerwet, 1994 (Wet 23 van 1994);

**“Sekretaris”** die mees senior beampte wat ingevolge die relevante wetgewing in die Wetgewer aangestel is;

**“Speaker”** die Speaker wat ingevolge artikel 111 van die Grondwet verkies is;

**“Staande Reëls”** die reëls en ordes wat ingestel is vir die gedrag van sake van die Wetgewer ingevolge artikel 116 van die Grondwet;

**“hierdie Wet”** sluit in regulasies verorden ingevolge daarvan; en

**“gebruikstaal”** die amptelike taal deur die Komitee gebruik vir vergaderings of administratiewe doeleindes.

## **Doel van petisie**

2. Die doel van ’n petisie is om by die Wetgewer verligting te soek waar alle ander geskikte of wettige maniere vir verligting deur ’n petitioneris opgebruik is.

## **Reg om te petisioneer**

3. (1) ’n Persoon mag, onderworpe aan artikels 4 en 5, ’n petisie indien ingevolge hierdie Wet.

- (2) 'n Petisie mag ingedien word deur 'n persoon wat optree –
  - (a) in sy of haar eie belang;
  - (b) in die belang van 'n ander persoon wat, welke rede ook al, nie in staat is om in sy, haar, of 'n instelling se, naam 'n petisie in te dien nie;
  - (c) as 'n lid of in die belang van 'n groep of klas van persone; of
  - (d) in die openbare belang.
- (3) 'n Lid wat 'n petisie indien moet hom of haar onttrek wanneer dit oorweeg word in die komitee.
- (4) Die Petisies Kantoor moet redelike hulp lewer, maar nie van 'n finansiële aard nie, aan 'n persoon wat 'n petisie wil voorlê en moet verseker dat die petisie voldoen aan hierdie Wet.
- (5) Die Petisies Kantoor moet 'n persoon met 'n petisie wat buite die bestek van die onderwerp wat in artikel 4(1) na verwys word, skriftelik na die regte instelling, owerheid of staatsinstelling verwys om die persoon by te staan.

### **Omvang van petisie**

4. (1) 'n Petisie moet –
  - (a) binne die perke van wetgewende gesag van die Provinsie val;
  - (b) binne die perke van die uitvoerende gesag van die Provinsie val;
  - (c) verband hou met 'n saak aan 'n lid van die Uitvoerende Raad toegeken;
  - (d) verband hou met provinsiale toesig van plaaslike regering; of
  - (e) verband hou met 'n plaaslike orgaan van die staat.
- (2) 'n Petisie mag wees –
  - (a) 'n enkele petisie wat 'n individuele voorlegging is van 'n enkele petisionaris rakende 'n besondere saak;
  - (b) 'n petisie van 'n assosiasie wat 'n petisie is van 'n assosiasie of 'n enkele persoon wat in opdrag van 'n assosiasie daardie petisie voorlê aangaande 'n besondere saak;
  - (c) 'n gesamentlike petisie wat 'n versameling van handtekeninge van 'n aantal petisionarisse is aangaande 'n besondere saak;
  - (d) 'n massa, of groep petisie, wat bestaan uit individuele- of groep voorleggings van 'n aantal petisionarisse rakende die selfde, of 'n substansieel soortgelyke, saak.
- (3) 'n Petisie moet voldoen aan die behoeftes soos bepaal in artikel 5.

- (4) 'n Petisie moet aan die Speaker gerig word en by die Sekretaris ingedien word.
- (5) Die Sekretaris moet sonder verwyl –
  - (a) die petisie wat hy of sy ontvang het, aan die petisies kantoor aanstuur; en
  - (b) elke petisie wat volgens die Petisies Kantoor met die vereistes van hierdie artikel, en artikel 5 in die Huis ter tafel lê vir verwysing daarvan na die Komitee.

### **Vereistes vir 'n petisie**

#### **5. (1) 'n Petisie moet –**

- (a) binne die bestek van sake beoog in artikel 4(1) val;
- (b) nie 'n saak raak wat hangende is in 'n geregshof, ander tribunaal, forum of ondersoekende instelling soos omskryf in die Grondwet of enige ander wet, nie;
- (c) nie verband hou met die skuldigbevinding en oplegging van 'n vonnis op 'n persoon deur 'n kriminele hof, of 'n beslissing deur 'n siviele hof gemaak, nie;
- (d) aan al die vereistes soos uiteengesit in hierdie Wet voldoen; en
- (e) indien voorgelê deur 'n lid, nie handel oor 'n saak wat reeds voor 'n Komitee van die Wetgewer lê nie.

#### **(2) 'n Petisie moet bowendien –**

- (a) leesbaar wees;
- (b) nie 'n lasterlike uitspraak of onbehoorlike taal bevat nie;
- (c) 'n versigtig bewoorde versoek bevat dat die Wetgewer sekere aksie neem, of hom weerhou daarvan om sekere aksie te neem in antwoord op die petisie;
- (d) deur die petitioner geteken word, of in die geval van 'n petitioner wat vir enige rede nie kan skryf nie, moet hy of sy 'n merk maak in die teenwoordigheid van twee getuies wat ook as sodanig moet teken;
- (e) nie voorheen deur die Komitee oorweeg gewees het nie, behalwe as daardie petisie, in die opinie van die Voorsitter, nuwe informasie bevat wat 'n wesentlike uitwerking op die uitkoms van die heroorweging van die saak sal hê; en
- (f) nie betrekking het tot 'n saak wat die petitioner nog nie onder die aandag van die relevante liggaam gebring het nie, of as die petitioner dit onder die aandag van die relevante liggaam gebring het, die relevante liggaam nie genoeg tyd gegun is om die saak te oorweeg nie.

- (3) Die Komitee mag, onderworpe aan artikel 3(4), weier om 'n petisie te oorweeg wat nie voldoen aan sub-artikels (1) en (2) nie en die petitioneris skriftelik in kennis stel van daardie feit sowel as redes gee vir sy besluit.

### **Petisies Kantoor**

6. (1) 'n Petisies Kantoor in die Wetgewer moet die effektiewe administrasie en implementering van hierdie Wet verseker.
- (2) Die Petisies Kantoor moet, onderworpe aan artikel 15, sy eie administratiewe prosedure met betrekking tot die ontvangs, ondersoek en konklusie van die petisie proses bepaal.

### **Rol en funksie van Petisies Kantoor met betrekking tot petisie**

7. (1) Die Petisies Kantoor moet, onderworpe aan artikel 3(4), alle redelike maatreëls tref om dit vir die Komitee moontlik te maak om 'n petisie te oorweeg.
- (2) Die Petisies Kantoor moet binne 7 (sewe) dae die Voorsitter skriftelik in kennis stel van die ontvangs van 'n petisie van die Sekretaris.
- (3) Die Petisies Kantoor moet die petitioneris betyds inlig-
  - (a) indien die petitioneris deur die Komitee uitgenooi is om 'n mondelingse voorlegging te maak of om 'n getuie te roep;
  - (b) van die datum, tyd en vergaderplek wanneer die petisie oorweeg gaan word en of die petitioneris die vergadering van die Komitee mag bywoon;
  - (c) van die verwysing van die petisie aan 'n ander persoon of liggaam beoog in hierdie Wet;
  - (d) van die vordering gemaak met betrekking tot die oorweging van 'n petisie;
  - (e) van regsinnemiddels beskikbaar aan die petitioneris;
  - (f) dat hy of sy, onderworpe aan relevante wetgewing, toegang het tot die spesifieke petisie lêer het ten alle redelike tye; en
  - (g) van 'n besluit van die Komitee met betrekking tot 'n petisie, en indien die petitioneris so vereis, die redes vir daardie besluit.

### **Rol, funksie en verslaggewing van Komitee**

8. Die Komitee moet –
  - (1) elke petisie wat die Huis daarna verwys het oorweeg en daarop besluit;
  - (2) die mondelingse voorlegging, of die getuienis van 'n getuie opteken ingevolge artikel 9(a);

- (3) kwartaalliks aan die Wetgewer verslag doen van die petisies aan hom voorgelê gedurende daardie periode, en al sy aktiwiteite ten opsigte daarvan, insluitende;
  - (a) die handeling, doeltreffendheid en tydigheid waarin die petisies afgehandel is; en
  - (b) die doeltreffendheid van die petisies proses en prosedures.

## **Magte van Komitee**

9. (1) Die Komitee mag, onderworpe aan tersaaklike wetgewing –
  - (a) 'n petitioneris uitnooi om –
    - (i) 'n petisie aan te vul met addisionele mondelingse of skriftelike voorleggings;
    - (ii) 'n getuie te roep om mondelingse of skriftelike getuienis aan die Komitee te lewer;
  - (b) die teenwoordigheid van 'n persoon vereis om enige papier, boek of dokument onder sy/haar beheer aan die Komitee voor te lê;
  - (c) 'n betrokke persoon of liggaam aanbeveel om te skik ten einde reg te laat geskied aan die petitioneris;
  - (d) die algemene benadering om in die toekoms gevolg te word om 'n soortgelyke versoek of klag te skik aan 'n betrokke persoon of liggaam aanbeveel;
  - (e) indien deur die petitioneris versoek, 'n dispuut of klagte oplos, 'n optrede omkeer of 'n weglating met betrekking tot 'n saak wat nie deur die wetgewing gereguleer word nie, regstel deur bemiddeling of onderhandeling ;
  - (f) die oorweging van 'n petisie afsluit indien hy besluit dat geen stappe, of verdere stappe, al na die geval, geneem kan word om daardie saak te skik tot die bevrediging van die petitioneris nie;
  - (g) enige van sy funksies of sy bevoegdhede ingevolge artikel 11 delegeer; of
  - (h) die petisie lêer sluit indien die petisie tot die bevrediging van die petitioneris geskik is.
- (2) Die Komitee mag 'n petisie, of enige gedeelte daarvan, met 'n spesifieke opdrag of aanbeveling, na 'n lid van die Uitvoerende Raad, 'n munisipale raad, 'n provinsiale instelling; 'n Hoofstuk 9 instelling, die Nasionale Vervolgingsowerheid, of 'n ondersoekende liggaam, of ondersoekende owerheid wat ingevolge relevante wetgewing bestaan, verwys vir sy reaksie binne 'n redelike tydperk.
- (3) Die Komitee moet –



- (a) 'n versuim om te reageer, of 'n onbevredigende reaksie, aan die Huis rapporteer; en
  - (b) enige ander toepaslike optrede neem wat die Komitee wettiglik mag.
- (4) Die Huis moet die NRVP in kennis stel van 'n ontevredenheid soos omskryf in subartikel (3)(a).

### **Vergadering van Komitee**

10. (1) Die Komitee mag, om getuienis te kan hoor en 'n petisie te oorweeg, op 'n datum, plek en tyd ontmoet in die Provinsie soos die Voorsitter bepaal.
- (2) Die Voorsitter mag 'n openbare kennisgewing uitreik van 'n vergadering ingevolge die Staande Reëls.
- (3) Die petisies kantoor moet betyds –
- (a) toesien dat 'n uitnodiging, instruksie of dagvaarding om voor die Komitee te verskyn behoorlik uitgereik en beteken is;
  - (b) die petitioneris skriftelik in kennis stel van 'n saak wat die petitioneris geregtig is om oor ingelig te word ingevolge hierdie Wet of enige ander wet;
  - (c) indien nodig, verseker dat die inhoud van die petisie lêer vertaal is in 'n werkstaal van die Komitee; en
  - (d) enige ander plig verrig om dit moontlik vir die Komitee te maak om die petisie te oorweeg en om sy funksies uit te voer ingevolge hierdie Wet.
- (4) Getuienis wat aan die Komitee voorgelê word moet in die openbaar gehoor word tensy dit –
- (a) in die belang van geregtigheid is; of
  - (b) in die belang van die veiligheid van die petitioneris of 'n getuie is dat die getuienis agter geslote deure gehoor word.
- (5) Die Petisies Kantoor moet by elke vergadering van die Komitee die Voorsitter met 'n lys voorsien van ingediende petisies wat nog nie deur die Komitee gefinaliseer is nie.

### **Delegasie**

11. (1) Die Komitee mag enige verantwoordelikheid met betrekking tot 'n besondere petisie aan 'n lid delegeer.
- (2) Die Voorsitter moet daardie lid met 'n skriftelike en getekende magtiging voorsien om 'n besondere petisie te oorweeg.

- (3) Die Voorsitter mag in konsultasie met die Komitee ter enige tyd voor, of terwyl die lid reeds begin het met die oorweging van 'n besondere petisie, sodanige magtiging terugtrek.
- (4) Die lid moet, nadat hy of sy die oorweging van 'n petisie afgesluit het die uitkoms daarvan skriftelik aan die Komitee rapporteer.
- (5) Niks bevat in hierdie artikel verhoed die Komitee om 'n bevoegdheid uit te oefen, of 'n plig wat ingevolge hierdie artikel gedelegeer is, te verrig nie.
- (6) 'n Lid wat ingevolge hierdie artikel aangestel is, het al die bevoegdhede by implikasie noodsaaklik om dit vir hom of haar moontlik te maak om die gedelegeerde funksie uit te voer.

### **Reg tot Appèl**

12. (1) 'n Petisionaris mag binne 21 dae nadat hy of sy ingelig is van die afloop van 'n petisie, skriftelik aan die Speaker appelleer teen –
  - (a) 'n weiering deur die Komitee om 'n petisie te oorweeg;
  - (b) 'n bepaling deur die Voorsitter om die petisie agter geslote deure te oorweeg; of;
  - (c) 'n aanbeveling, verwysing aan 'n ander persoon, of ander besluit van die Komitee na die oorweging van die petisie.
- (2) Die appèl moet uiteensit –
  - (a) die rede vir die appèl;
  - (b) die kwessie ten opsigte waarvan die Komitee of Voorsitter fouteer het; en
  - (c) die besluit, aanbeveling of slotsom die Komitee moes gemaak het, of tot gekom het, in die opinie van die petisionaris.

### **Appèl liggaam**

13. (1) Die Speaker moet binne 21 dae van die ontvangs van 'n appèl, onder lede anders as die van die Komitee, of enige ander persoon met die nodige kundigheid, van tyd tot tyd, skriftelik 'n appèl liggaam aanstel om 'n appèl te oorweeg ingevolge artikel 12.
- (2) Die appèl liggaam moet bestaan uit drie persone van wie twee, onderworpe aan subartikel 1, lede van verskillende politieke partye moet wees.
- (3) Die appèl liggaam moet sy eie bedrywighede en prosedure bepaal.
- (4) Die appèl liggaam moet die prosedure wat gevolg is en die meriete van die Komitee besluit, oorweeg.

- (5) Die appèl liggaam moet binne 21 dae van ontvangs van die appèl of -
  - (a) die appèl afwys;
  - (b) die appèl handhaaf;
  - (c) dit terug verwys na die Komitee vir heroorweging; of
  - (d) enige ander beslissing wat dit volgens wet bevoeg is om te maak.
- (6) Die appèl liggaam moet sy bevinding en redes daarvoor skriftelik aan die Speaker voorlê, wat sonder versuim die petitioneris moet inlig.

### **Aanspreeklikheid van Komitee**

- 14.** (1) Die Komitee moet, onderworpe aan artikel 4(5), kwartaalliks aan die Wetgewer rapporteer soos omskryf in artikel 8(c).
- (2) 'n Debat op 'n aangeleentheid geopper in 'n verslag van die Komitee moet plaasvind indien meer as vier lede van die Komitee dit vereis.
- (3) Die Wetgewer mag 'n saak in 'n verslag vervat terug verwys na die Komitee vir heroorweging.
- (4) 'n Lid van die Wetgewer het, onderworpe aan artikel 3(3), toegang tot 'n petisie lêer ter enige redelike tyd.
- (5) Die Wetgewer mag, terwyl die Komitee 'n petisie oorweeg, slegs 'n interpellasie met betrekking tot die meriete daarvan beoefen.
- (6) 'n Lid van die Wetgewer mag, terwyl die Komitee 'n petisie oorweeg, slegs vrae stel met betrekking tot die proses van die oorweging van die petisie en nie oor die meriete daarvan nie.

### **Regulasies**

- 15.** Die Speaker mag, in konsultasie met die Komitee, regulasies verorden om die doel van hierdie Wet beter te bereik en dit beter te administreer.

### **Kort titel en inwerkingtreding**

- 16.** Hierdie wet heet die Noord-Kaapse Wet op Petisies, 2009, en tree in werking op 'n datum bepaal deur die Premier by proklamasie in die Provinsiale Koerant.